

„VIER OGEN OM TE ZIEN...“

deur
PETER BLUM
Londen

V.

Nou ja, in hierdie afgekoelde naoorlogswêreld het elke mens die plig om objektief te wees, om van nugter nie te praat nie. Dronkenskap is uit die mode, geesdrif het skuiling gesoek in Suid-Amerika, en die „Verhollandsing van Europa“ - soos ek dit noem - staar ons aaklig in die gesig. Nie in taalopsig nie, let wel: slegs in maniere. Namate ons deftiger raak, raak ons ook stywer, en spraak en spontaneïteit raak verlore êrens tussen boordjieknoop en strikdas. „Wer jetzt kein Haus hat baut sich keines mehr“, en wie geen letterkunde het sal nou nie meer een ontwikkel nie. Dit betaam my dus om in hierdie gedagtesware slotstuk 'n ernstiger toon aan te slaan en te onthou dat ek die Laaste Groot Digter in Afrikaans is. Dit is nie myn skuld, ek het my laasheid nie gesoek nie, ek het nie eers die titel aan myself toegeken nie (dit was inderdaad 'n professor emeritus): so 'n onderskeiding is 'n fataliteit, en word hoogstens op 'n mens afgedwing. (Dit was immers ook nie Lord Bryon se skuld dat al die ongebalanseerde vroumense van Engeland en 'n paar kleiner lande ongeva sy bed opgesoek het nie.) Teen hierdie tyd het u seker reeds gereageer op die titel van hierdie stuk en gewonder oor die VIER oë: sal hy sy bril bedoel?

Nee, hy bedoel nie sy bril nie, hy bedoel Die Vrou. „U bedoel sy vrou - sy eie vrou?“ hoor ek die leser vra. Maar hy is naïef en besef nie dat slegs 'n Klein Digter ooit op so 'n lae vlak beweeg dat hy van sy vrou of enige spesifieke vrouspersoon praat: nee, 'n groot digter is 'n groot veralgemener en praat dus noodwendig van Die Vrou, die ideale, oertipiese Ontosina, en as hy haar aanspreek dan geskied dit altyd in die Vokatief: „O Vrou!“.

Dus: vergesel van Die Vrou het ek op 'n mooi Meiagtermiddag weer in Oostende aan wal gestap. Ook sy het onder die indruk van die marmertoonbank, die indirekte beligting en potvarings gekom. Hoe voordelig is dit nie om 'n lid van die Dietse volksstam te wees nie! My geneties en uiterlik half-Spaanse amptenaarjie met sy ruie donker wenkbroue kyk in Die Vrou se ewe ruie donker wenkbroue vas en... wuif haar deur - en my as haar evidente aanhangsel ook.

Dit was op 'n Saterdag; die dag daarna, Sondag dus, het ons in Brugge gaan middagheet by 'n redelik deftige plek in 'n straatjie agter die Grote Markt en uitgevind dat daar tog wel ook ander grense bestaan as Taalgrense. Rondom ons word Frans en Engels gepraat, daardie deftige tale. Die Engelse is natuurlik nie kosaanbidders, en gee weinig óm wat aan hulle opgedis word nie: die weerstoestande, is eindeloos interessanter, so ook die gewoontes en probleme van die plaaslike Engelse gemeenskap - blykbaar afgetredenes wat Brugge stil, pittoresk, en goedkoop vind, die Vlaminkies geluidloos en beskeie, „so much nicer than the Maltese, or the Cypriots, whether Greek or Turkish“. Hul eie „padre“ het hul ook; die „trippers“ (minder gegoede volksgenote) word bekla en belag, en de Vlaamse „kelner“

(d.w.s. mede-eenaar) word in Frans aangespreek - deftigheidshalwe, hoewel sy Engels goed is. Dit is eintlik roerend (en selde gewaardeer deur Afro's) hoe weinig taalimperialisme die Britte koester: was dit nie vir daardie agterbossers, die Yanks, sou die Britte hul heel gedwee neergelê het by die universaliteit van Frans; dit geld vir die Hollanders ook, en 'n swygende meerderheid van Vlaminge ook, vrees ons.

Vandag word ons egter trakteer op 'n pynlike insident: die Poulet à la Chacun de Bama val nie in die smaak of stylgevoel van die Franse meneertjie aan die naaste tafel nie.

„Kelner, ons kan hierdie gemors nie eet nie!” ekspostuleer hy hartstogtelik, „Dit is nie Poulet nie maar gebraaide kakadoe - op die manier van die Binneland van Bornec!”

„Daar maak hy 'n fout,” fluister ek vir Die Vrou, „Ornitologies gesproke.”

„Hoe so?”

„Ek glo nie kakadoe's kom eintlik in Borneo voor nie - te minste nie kakadoe's in die enger sin van die woord nie.”

„Rêrig?”

„Ja, hy moes na regte „papegaai” gesê het.” Die kelner verwyder die aanstootlike soort pluimvee, bekyk dit met simpatie terwyl hy dit stadig kombuis-toe dra, maar die meneertjie se vroultjie straal hom aan van bewondering. Hy het immers bewys dat hy 'n verwende man-van-die-wêreld is wat 'n ingesmokkelde pittakoïde nooit vir 'n regskepe hoender sal sluk nie; ten tweede, dat hy op hoogte is van die wêreld se mindere cuisines (sal sy hom ooit kan bevredig? bewes sy); en ten derde, dat hy mans genoeg is om 'n lid van een van Frankrijk se randvolks bars aan te spreek.

„Ridiculous fuss,” sê een van my mede-Bitte agter my. Die Vrou en ek verloor ook belangstelling in die insident (sodat ek ongelukkig nie kan berig hoe die pluimveesaak afgeleef het nie) want na 'n driekwartier se sit word ons nou ook ontvangers van ons bestelde ravioli; net jammer dat ons intussen ons broodjies en biere reeds verbruik het. Die ravioli was heeltemal op peil, 2 x 2 sentimeter, met golfrand, 0,78 sentimeter dik, en gedompel in 'n tamatiesous. Niks irrelevantes daarby nie, soos sê maar groentes of kaas - net die klassieke Italiaanse raviolus in 'n mooi-ontwerpte silwerbakkie met silwerdeksel.

Hierdie maar ter inleiding: nou eers volg die merkwaardige insident wat 'n felle lig werp op stam- en kultuurverskille, hoewel ek hier reeds wil erken dat ek miskien nie die volle implikasies gesnap het nie. Aangesien op die vasteland toilettes altyd skaars is (ek onthou Amsterdam net as 'n angssweet oor die naby- of vergeleëheid van so'n gerief! vir ewe swak broeders wil ek die noordekant van die Beurs en die suidweshoek van die Rembrandtplein aanbeveel) het ons besluit om die restaurant s'n op te soek.

Ek gaan eerste, terwyl Die Vrou aan tafel sit en gidsboek lees. Ek kom in 'n soort vertrek, taamlik ruim, wat waarskynlik eers laat in die volksgeskiedenis omgebou is vir sanitêre doeleindes: hy het geen venster nie, maar wel 'n soort glaskoepel wat lig inlaat en wat moontlik soms ook oopgemaak kan word vir ventilasie. Links is 'n ry wasbakke met spieëls, regs 'n ry kabinetsdeure met deurskynende maar ondeursigtige glas. Op sigself is dit alles weinig opspraakwekkend: die koepelbeligting van bo het ek ook al in Britse agterkroegbiljartsale teëgekom. Die enigste eienaardigheid is die meisie wat by een van die spieëls staan en haar hare kam.

Ek is gefoetrajeer! 'n Meisie - 'n mooie daarby, met blonde hare met swart wortels! - in 'n manswaskamer en -toilet! 'n Situatie wat eintlik 'n Laurence Sterne se pen waardig is! Maar het ek my dalk misgis, en is dit in werklikheid 'n dameswaskamer? As dit so is, dan sal sy gil, omdraai, geskok lyk, my uitjaag - enigiets!

Maar niks gebeur nie. Ek sê „pardon” beide op Frans, Vlaams, en Hollands. Sy glimlag vaagweg en gaan aan haar hare kam. Dalk vind sy my oorbeleëf? dit gebeur nog al dikwels. Dalk trek sy die opregtheid van my ekskuus in twyfel en dink ek is in werklikheid 'n „Peeping Tom”? Ek het nie tyd om te spekulêr nie, ek is effens haastig, daar is immers geen aanduiding van geslag nie - toe snel ek maar na een van die kabinette en maak die deur agter

my toe. Die meisie het nou elke kans om haar kammery te staak en verfyndheidshalwe uit te stap. Maar sy vat dit nie! In my vertwyfeling maak ek my broek los en laat dit op die vloer val dat die beltgespe op die teëls rinkel.

Die meisie kam nog steeds! ek kan haar silhouët deur die glas sien! nou begin sy selfs 'n popdeuntjie te neurie! Het sy geen skaamtegevoel nie? En buitendien: wat is sy - Vlaams of Waals?

Met 'n mengsel van woede en berusting gaan ek maar sit, verrig my sakies. Miskien moet ek maar die beste maak van die situasie en dit pervers-stimulerend vind? Nou kom 'n tweede meisie in en knoop 'n gesprek met die eerste aan. Dis Frans! maar my verligting word gerem deur die oorweging dat dit nie noodwendig hul huis- of moedertaal hoef te wees nie, dat hul dalk net daarmee pronk. Ek trek die ketting, bebroek my weer, en hardloop ongewasterhande maar blosend terug na die eetsalon. Gedurende die volgende halfuur, terwyl ons vir die rekening wag, spekuleer Die Vrou en ek oor die algemeen- of dan sonderlikheid van sulke toestande.

„Dalk is hierdie plek nie werklik deftig nie?” spekuleer Die Vrou. Maar die rekening stel ons gerus: dit was werklik 'n deftige plek waar ons geëet het!

Die volgende dag het ons in die oggend die Groeninge-Museum „gedoen” asook die katedraal en twee kleiner kerke, 'n paar straattonele en 'n park tussenin. Maar klokslag twaalf kom alles tot stilstand in Brugge (en die meeste ander stede in Beide België's), alle deure word gesluit, die hele manlike bevolking gaan huistoe vir etes berei deur die vroulike bevolking, en voor twee is daar niks om te doen behalwe om self te gaan eet nie. Dit is wat hulle bedoel wanneer hul praat van „Het Dode Brugge”.

Maandag se restaurant was op dieselfde peil as Sondag s'n. Dié keer het Die Vrou die groter behoefte en soek die waskamer op. Gespanne hou ek die deur na die „koer” (agterplaas) dop. Siedaar! sy verskyn, hare wild, van skouer tot knie geklee in 'n donker reënjas, sy hou haar handsak voor haar soos die skild van Pallas Athene, 'n maatloos skok op haar streng gelaat (hoewel, goddank, nie onvermeng met humor nie). Toe sy weer na die tafel kom sê sy (sonder om te gaan sit):

„PIETIE!... DAAR 'S - MANS!”

„Ja, skat, O Vrou. Daar sal seker wees. Selfs in hierdie Middeleeuse ou Brugge is 'n sterk helfte van die bevolking mans.”

„EN... HULLE DOEN DIT!”

„Ja, seker. Ek is spyt, maar nie verbaas nie. Hulle moet seker. Ek bedoel: hulle is ook maar mens.”

„MAAR... VOOR MY!”

„Dit, O Vrou, is waar jy hulle 'n onreg aandoen. Ek sweer hulle staan met hul rug na jou toe. Jy kan dus hoogstens beweer hulle staan agter jou. En daarmee is tog seker niks verkeerd nie.”

Redelik soos sy is het sy my gelyk gegee, en begin om te lag. Maar siet u nou wat ek bedoel as ek sê: taalgrense is nie die enigste grense nie? Hierdie tonele sou seker ook in Frankrijk kon plaasgevind het, in preutse Holland sekerlik nie. Besef die Vlaminge ooit wat dit sal beteken wanneer de vurig-begeerde kulturele integrasie met Het Koninkrijk der Nederlanden tot stand kom? Hierdie soort ding is immers ook 'n kultuurkwessie, indien 'n mens „kultuur” in die breedste sin opvat (soos jy behoort) en ALLE gedragsvorme wat deur die samelewing aanvaar of afgewys moet word daarby insluit? Ek kan my skaars verbeel dat dié integrasie kan plaasvind sonder seksuele skeiding van geriewe. En wanneer dit voltrek of volstrek is, wanneer elke waskamer, elke kabinet, opskriftelik gereserveer is vir óf MANS/HEREN óf VROUENS/DAMES - sal ons nie weer die toestand van 1815 bereik het nie? sal my Vlaminge nie weer begin te mor en te mompel van „het Hollandse juk” nie? En kan 1830 dié keer uitbly? Ek huiwer om hierdie vrae óf bevestigend óf ontkenkend te beantwoord!

(slot volg)